

**'n Geheim agter geslote deure?**

Kan dit regtig met 'n verkondiger van die Woord gebeur dat hy op 'n Saterdagavond voor sy preekteks van die volgende oggend staan asof voor 'n deur wat met staalslotte gesluit is? Die ergste is dan: Hy voel of hy geen sleutels daarvoor het nie! Natuurlik kan dit gebeur. Uit hierdie Skrifgedeelte lyk dit of so iets selfs vir 'n apostel nie vreemd is nie. In 'n sekere sin ken elke gelowige wat die Woord van God lees en aan ander oordra tog ook mos iets hiervan, nie waar nie?

Daarom is Paulus se oproep hier so belangrik: dat ons dringend sal bid om die opening van die deur van die Woord. Jy kan die Woord lees, aandagtig lees. Jy kan dit bestudeer in verskillende vertalings. Jy kan dit in die oorspronklike tale lees – met al die kommentare en hulpmiddels daarby. Om die waarheid te sê, ek en jy behóórt soveel moontlik al hierdie dinge te doen! Máár dit sal alles tevergeefs wees, tensy die Heilige Gees die deur van die Woord van God vir ons óopmaak. Sonder hierdie magtige wonder van die oopmaak van die Skrif vir ons – én ons vir die Skrif – kom ons eenvoudig net nie by die geheim daarbinne uit nie, al probeer ons hoe hard. Dán bly die geheim – dié Geheim: Christus! – vir ons agter die geslote deure van die Bybelblaai weggesteek.

“Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak ...” roep Paulus uit. Die wonder van deur-ooopmaak moet aan ons gegee word. Ons moet opeens weer hierdie geheim sien en vind asof dit vir die eerste keer is. Hierdie geheim is immers groot: “God is geopenbaar in die vlees...” (1 Tim. 3:16, OAV). Geen mens kan dit met sy klein, beperkte en sondige menseverstandjie deurgrond nie.

Tog moet die geheim agter die deure uitgehaal word. Juis hierdie geheim wat eeue lank agter die deure van die Ou Testament toegesluit was, moet nou van die dakke af verkondig word. Die hele wêreld moet die geheim hoor, die geheim van God se liefde wat alle verstand te bowe gaan. Dit is die geheim van die gekruisigde en opgestane Christus wat vir wyses en verstandiges van die wêreld weggesteek is, maar aan kindertjies geopenbaar is!

Bid dat dit verkondig sal word soos dit hoort. Deur die Heilige Gees moet die geheim *as God se oop geheim* duideliker en duideliker uitgebring word, sodat dit waarlik *geglo* sal word!

*Sing: Psalm 119:47 (1936-beryming)*

*Dr PP Kruger (Emeritus)*